SKRYFKURSUS

MODULE 5

Konflik: Annerle Barnard, bekroonde jeugfiksieskrywer.

Indien jy belangstel om op Barnard se nuusbrief in te teken ten einde gratis inligtingstukke en skryfwenke te ontvang, teken aan op die volgende webblad:
https://annerlebarnard.co.za/





Annerle Barnard
https://www.facebook.com/outeur.author
www.annerlebarnard.co.za
https://www.instagram.com/annerlebarnard/

BIOGRAFIE:

Annerle Barnard is op 30 April in Musina gebore. Aan die einde van haar Graad 4-jaar verhuis hulle en verruil die Bosveld se massiewe onderstebo-bome vir die rooi vlaktes van die Noordwes. Sy matrikuleer aan die Hoërskool Wolmaransstad. In 1993 voltooi sy ’n BA (Hons) (Engels) aan die Noordwes-Universiteit. Daarna volg 'n Hoër Onderwys Diploma. Aanvanklik hou sy skool, maar begewe haar later in die korporatiewe sektor.

Barnard is getroud en het twee sportiewe seuns en ’n wonderlike, ewe sportiewe, stiefdogter. Barnard hou van lees, reis en die natuur. En noodgedwonge kyk sy redelik baie sport.

WAT IS KONFLIK?

Konflik ontstaan wanneer jou ma sê dat jy gehok is en jy wegglip. Of sy sê jy moet die tafel dek en jy is nie lus nie.

In letterkunde en film is konflik ‘n konfrontasie tussen 2 opponerende kragte wat die narratiewe draad vir ‘n storie skep. Dit moet duidelik wees waarom die karakter se doelwit vir hom/haar so belangrik is.

WATTER KARAKTER BELEEF DIE MEESTE KONFLIK?

Voorbeeld 1: Jy is gehok en is vies omdat jy lus was om saam met jou vriende te gaan partytjie hou. As jy wegglip, vat jou ouers jou motor/foon/sakgeld/voorregte weg. Jy kan nie bekostig dat dit gebeur nie, want jou meisie/kêrel woon in ‘n ander dorp en jy beplan om die komende naweek saam met hom/haar na sy/haar Valentynsbal te gaan.

Voorbeeld 2: Jy’s gehok en jy kry ‘n oproep van ‘n baie goeie vriend (bekend vir sy verkeerde keuses) wat sê hy’t homself in sy kamer toegesluit, want daar is ‘n bendelid/dwelmhandelaar in sy huis wat hom wil doodmaak. Sy ouers is by ‘n troue in die Kaap. Hy gaan deur sy kamervenster ontsnap en jy moet asseblief met jou/jou pa se motor in die straat vir hom wag. Indien jy wegglip, vat jou ouers jou motor/foon/sakgeld/voorregte

weg. Jy kan nie bekostig dat dit gebeur nie, want jou meisie/kêrel woon in ‘n ander dorp en jy beplan om die komende naweek saam met hom/haar na sy/haar Valentynsbal te gaan. Jou ouers beskou hierdie vriend as ‘n slegte invloed en sal jou nie toelaat om hom te hulp te snel nie. Jy het reeds die polisie probeer bel, maar niemand antwoord die foon nie.

Watter voorbeeld het die grootste risiko daaraan gekoppel en watter een sal vir jou/die karakter die meeste innerlike konflik veroorsaak?

_____
_____

Konflik vind plaas wanneer die protagonis met uiterlike of innerlike konflik gekonfronteer word. Daar is 7 tipes konflik wat jy in jou storie kan gebruik.

Kyk na die blogplasing op www.annerlebarnard.co.za, Blog, Konflik (https://annerlebarnard.co.za/konflik-stuur-stories/) en lys die 7 tipes konflik:

1. _____
   _____
2. _____
   _____
3. _____
   _____
4. _____
   _____
5. _____
   _____
6. _____
   _____
7. _____
   _____

HOEKOM IS KONFLIK IN STORIES NODIG?

1. Dit verskaf ‘n doelwit. Wanneer jy konflik aan die begin van jou storie skep wat jy teen die einde van die storie oplos, verskaf jy rigting aan jou storie. So ook beweging en ‘n doelwit. Daarsonder kan jou storie sonder ‘n begin, middel en einde ronddryf.
2. Dit help met karakterisering. Wanneer karakters ‘n opponerende mag in die oë moet kyk, verraai dit hulle ware karaktereienskappe. Dit skep gevolglik fassinerende, multidimensionele karakters waarmee die leser kan identifiseer.

9 MANIERE WAAROP JY KONFLIK IN JOU STORIE KAN SKEP

1. Besluit ten eerste watter tipe konflik vin jou storie nodig sal wees. Die genre behoort ‘n invloed hierop te hê. Rillers het dikwels 2 karakters in konflik met mekaar, maar nie noodwendig nie. Dink aan *The Shining* van Stephen King. Of *Cujo*. Of *The Pet Sematary* (cemetery).
2. Besluit wat jou karakter wil hê en plaas ‘n hekkie/probleem in sy/haar pad. Konflik bou op wanneer daar iets is wat jou karakter verhinder om te kry wat hy/sy wil hê. Jy kan die risiko verhoog deur van hulle behoefte ‘n obsessie te maak. As jy jou karakters altyd gee wat hulle wil hê, is daar nie spanning nie en sonder spanning en konflik, kan jou karakters nie ontwikkel nie. Moet dus nie jou karakters jammer kry nie.
3. Skep karakters met opponerende waardestelsels. Dit moenie slegs goeie vs. slegte karakters wees nie. Hulle moet op ‘n meer interessante manier verskillende waardesisteme aanhang.

   3.1 Hoe verskil Paul en Bossie se waardestelsels in *Sindikaat* en hoekom veroorsaak Bossie se waardestelsel vir Paul spanning?

   _____
   _____

   _____
   _____

4. Skep ‘n waardige antagonis. Die konflik in kreatiewe skryfwerk moet dramaties wees. Die opposisie moet daarom net so sterk of sterker as die protagonis wees. Dit skep emosionele konflik (hoofstuk 39, *Sindikaat*) en forseer die protagonis om besluite te neem.

   4.1 Hoekom is dit vir Paul so moeilik om by Bossie se planne in te val — en dit nadat Johnny vir Paul probeer skiet het?

   _____
   _____

   4.2 Watter antagonis in *Spel* is vir jou die interessantste en waarom?

   _____
   _____

Annerle Barnard www.annerlebarnard.co.za
https://www.facebook.com/outeur.author https://www.instagram.com/annerlebarnard/

5. Gebruik ‘n subplot (m.a.w. meer as een storielyn) om jou konflik te versterk. In *Sindikaat* is twee plot- of storielyne. Wenk: dink aan die sindikate wat in hierdie roman ter sprake is.
   5.1 Wat is die 2 storielyne en hoe word dit gebruik om spanning te skep?

   _____

6. Moenie die momentum en konflik halfpad verloor nie. Bou daarop. Met die storie se verloop moet jy die protagonis se lewe so moeilik as moontlik maak. Dit moet lyk asof hy nooit enige sukses gaan behaal nie. Verhoog die risiko, maar moenie die einde uit die oog verloor nie. Maak dinge so moeilik as moontlik en wanneer jou protagonis dink hy/sy kan asem skep, gooi nog ‘n probleem in sy/haar rigting.
   6.1 ‘n Chinese sindikaat veroorsaak vir Paul Rudman baie probleme aan die begin van *Sindikaat.* Hoe word sy probleme skielik meer en meer intens? Wat (in die tweede helfte van die roman) veroorsaak vir hom ‘n groot emosionele uitdaging?

   _____
   _____
   _____

   6.2 Het Paul hierdie wending in die verhaal sien kom? Het jy?

   _____
   _____

7. Visualiseer jou storie. Net soos ‘n draaiboekskrywer moet jy jou storie as ‘n film in jou kop sien. Wanneer jy dit doen, sal dit makliker wees om die lang, vervelige dele te identifiseer en te skrap. Watter visuele elemente sal die konflik die beste wys? Skryf dit in jou storie in.
   7.1 Wat sien jy in jou kop wanneer jy dink aan die laaste toneel waar Paul-hulle deur die Chinese sindikaat aangeval word?

   _____
   _____

8. Verhoog die risiko. Herinner jou leser deurgaans aan die krisis wat jou protagonis in die oë staar, asook aan die doelwit wat hy/sy wil bereik en verhoog die risiko verder.
   8.1 Wat wil Paul Rudman bereik? Hy’t ‘n Chinese sindikaat op sy spoor en hy wil oorleef. Hoe word hierdie doelwit in die tweede helfte van die roman verder bemoeilik?

   _____
   _____

9. Lees soveel fiksie as wat jy kan. Deur te lees, sien jy hoe konflik in ander stories geskep word. Goeie skrywers skryf konflik en bou spanning wat eg voel en waaruit jy kan leer.

INNERLIKE VS. UITERLIKE KONFLIK

Innerlike konflik vind plaas wanneer die karakter met sy/haar eie opponerende begeertes en oortuigings stoei. Dit ontstaan wanneer ‘n karakter oor ‘n saak wroeg waarmee hy/sy nie vrede kan maak nie. Dit vind binne die karakter plaas en dryf sy/haar ontwikkeling.

Met uiterlike konflik is die karakter in konfrontasie met magte/kragte buite hom-/haarself. Hierdie eksterne magte staan in die karakter se pad en probeer hom/haar verhoed om by sy/haar doelwit uit te kom. Dink aan die Marvel-films waarna jy gekyk het toe jy jonger was.

In *Sindikaat* is daar ‘n Chinese sindikaat, sowel as die mensehandelsindikaatleier (uit *Sweepslag)* waarteen Paul te staan kom. Hy wil oorleef, maar dis in die belang van beide sindikate dat hy vermoor word.

Uiterlike konflik is goed, maar as jy ‘n fenomenale storie wil skryf, is innerlike konflik jou antwoord. Nog beter, kombineer die twee in jou storie. Ten einde die spanning te verhoog, moet jy werklike probleme ‘wys’, nie vertel nie.

HOE ‘WYS’ JY PROBLEME TEN EINDE KONFLIK TE SKEP?

Dalk is jou protagonis ‘n asmalyer en as die protagonis sy/haar asmapompie verloor, mag dit fataal wees. Wys jy hoe jou protagonis soms sukkel om asem te haal of hyg? Wys jy hoe hy/sy te min asem het (hyg) wanneer hy/sy draf? Wys jy hoe hy/sy seker maak om allergene (byvoorbeeld, neute, suiwel, stof, katte, grasdakke) te vermy?

Onthou, gewere val nie uit die hemel nie. Indien jou karakter aan die einde van jou storie ‘n geweer/asmapomp gaan benodig, moet die geweer/asmapomp darem elders in die teks ook verskyn (meer as een keer).

ESKALEER DIE KONFLIK, VERHOOG DIE SPANNING

Jou jong, werkende protagonis is (byvoorbeeld) ‘n verslaafde (pille/drank/dwelms). Tydens die storie wys jy haar afhanklikheid van die middel. Sy woon dalk vergaderings (vir verslaafdes) by en staar na die produkte in die winkel/staar na die dwelmhandelaar se nommer op haar foon. ‘n Krisis kom oor haar pad (byvoorbeeld die sterfte van ‘n ouer/’n uitval met haar kêrel) en sy vergryp haar een aand en daag gevolglik die volgende dag nie vir werk op nie. Sy verloor haar werk, maar het haar salaris nodig gehad om haar woonstelhuur en buitemuurse studies te betaal. Sy wou vir beter werksgeleenthede aansoek doen, want sy sorg vir ‘n jonger broer/suster, maar kan slegs vir ‘n beter werk kwalifiseer indien sy ‘n voltooide kwalifikasie het. As sy nie haar studiegeld betaal nie, mag sy nie haar finale eksamens skryf nie. Wat nou?

Verhoog die risiko en uitdagings.

Om die spanning te verhoog, moet die protagonis soms verloor. Selfs Captain America wen nie elke rondte nie.

Wat/wanneer verloor Paul in *Sindikaat?*

Wenke: Watter insident(e) by sy huis ontstel hom byvoorbeeld oneindig baie? Watter insident in Zambië ontstel hom?

_____

_____

Wat verloor Lukas in *Spel* en hoe affekteer dit hom?

_____

_____

'WYS' DIE KARAKTERS SE REAKSIE OP GEBEURE

Moenie reaksie onderskat nie. In rillers sien mens soms die gedrog eers heel aan die einde, maar jy sien voortdurend die karakters se reaksie op hierdie gedrog. Dis die karakters se reaksie en die gevolge van 'n ontmoeting met die monster (dood kan een van die gevolge wees) wat vrees inboesem.

'Wys' hoe jou karakters faal en wat die gevolge daarvan is.

OPDRAG

Herskryf jou aanvanklike storie (die opdrag in module 1) en verhoog die konflik daarin.